

KREATIWITEIT

met David

DAVID VILJOEN, kreatiewe landskapsontwerper en tuinboukundige



Verneuk met kleur

as daar nou een ding is waarvoor ek nie bang is nie, is dit verf. Daar is niks wat in my pad staan om my muurkleure te verander nie en as die wil eers daar is, is daar min wat my kan keer om die kwas in te span.

Kleur speel 'n groot rol in ons alledaagse lewens, meer as wat ons dalk besef. Soms kan ons lekker "verneuk" met die regte kleurkeuses – laat ek verduidelik...

Temperatuurbeheer

Deur warmer kleure, soos rooi, oranje en geel in 'n vertrek te gebruik, kan dit regtig voel of die kwik in die termometer inderwaarheid gestyg het. Dit is 'n baie goedkoper manier om deur die kouer wintermaande te kom. Selfs 'n skootkometers in hierdie kleure sal veel warmer voel. Die omgekeerde van die effek is ook waar: As ons 'n warm vertrek koeler wil laat voel, gebruik koeler kleure, soos wit, groen en blou. Warmer kleure is soveel meer intiem en vir my voel koel kleure somer koud.

Voel goed

Bring jou gunsteling kleur in die weerkaatsing van 'n spieël in, sodat wanneer jy na jouself in die spieël kyk, jy beter sal voel oor dit wat jy sien. Kleurkonsultante gee advies oor watter kleur goed by jou sal pas as dit by klere kom – hoekom dan nie jou huis se mure in dieselfde kleure verf sodat jy goed sal vertoon met die mure as agtergrond nie? Dit is veral effektief as 'n mens tuis baie onthaal en goed wil lyk.

Ruimtebeheer

'n Klein, beknopte vertrek kan veel groter voel deur van ligter kleure gebruik te maak. Donkerder kleure kan vinnig beknopt voel. Selfs al verf 'n mens ook net 'n houtdeur wit, sal die effek daarvan groot wees in 'n klein kamer. Om mure nader aan jou te laat voel, kan donkerder kleure gebruik word. 'n Lang gang sal veel korter voel as 'n mens die muur op die einde van die gang 'n donkerder kleur verf.

Perspektief

Helder kleure vertoon baie nader as dowwer pastelkleure. Deur gebruik te maak van helder kleure in die voorgrond en ligter kleure in die agtergrond, kan diepte so geskep word. Deur die twee kleure om te ruil, sal dit voel of die verste muur veel nader is. Verder kan die effek ook vergroot word deur groter items in die voorgrond te gebruik en kleiner items verder weg om afstand aan 'n vertrek te verleen.

Kalmerende effek

Rooi laat 'n mens se hartklop versnel, verhoog die vloeï van adrenalien en veroorsaak dat die bloed vinniger deur 'n mens se are vloeï. So

dikwels hoor ons mense sê dat hul rooi gesien het in 'n tyd van stres. (Dit verduidelik seker hoekom my pa so kwaad geraak het vir my as ons my kwaaddoen in my rooi kamer bespreek het teenoor hoe rustig hy met my suster in haar pastelgekleurde kamer gesels het!) Hierdie is ook 'n goeie riglyn ten opsigte van watter kamerkleure om vir 'n hiperaktiewe kind te kies.

Die erns van die saak

Kleur kan ook 'n boodskap uitstuur oor die erns van 'n vertrek. Meer neutrale kleure sowel as ligter kleure word gewoonlik aangewend in 'n kantoor, terwyl 'n mengelmoes van helderder kleure veel eerder in 'n speelarea sal aard. Daar is bewyse dat 'n persoon ernstiger opgeneem sal word as hy/sy ligblou dra tydens 'n werksonderhoud, terwyl donker kleure, soos swart en donkerblou, gesag uitstraal.

Eetlus

Oranje is 'n goeie kleur om te gebruik waar 'n mens onthaal en wil hê jou gaste moet lekker eet, aangesien dit die eetlus stimuleer. Dink maar self aan al die lekker gebakte kosse wat ons eet – dit is gewoonlik in skakerings van bruin en oranje.

As die kos te min is vir die hoeveelheid gaste, verander jou tafelkleur na ligblou aangesien dit jou gaste se eetlus sal demp. Onthou net om genoeg drinkgoed beskikbaar te hê aangesien almal nou meer dors as honger sal wees.

Blou word nie met 'n eetlus geassosieer nie aangesien ons nie blou kosse eet nie (behalwe seker vir die blou eiers wat ons kleintyd in die kar op pad see toe moes eet!) Vir dié rede is slakkegif byvoorbeeld blou sodat voëls dit nie moet aansien vir eetgoed nie.

Bring geluk

Van alle kleure is geel die sigbaarste kleur vir die menslike oog en word dit dikwels geassosieer met sonskyn en geluk. Daar is bewyse dat dié kleur 'n mens se gemoedstoestand kan lig, maar wees versigtig om nie jou hele huis geel te verf nie, want 'n oormaat daarvan kan weer steurend wees vir die gemoed.

'n Geel motorhuismuur kan 'n mens se gemoed lig net voor jy in die kar klim om werk toe te ry of selfs in 'n ingangsportaal kan dié kleur goed aangewend word om gaste te verwelkom met die inloopslag.

Natuur

Moedernatuur bederf ons weer met prag in groen en blou – dink maar aan die kleur van plante, die blou lug bo ons en ook die kleur van die oseaan. Ek glo vas dat die Skepper ons met 'n doel omring het met soveel groen en blou aangesien beide dié kleure kalmerend van aard is.